Ges. 107:1,4. (Ps 60)
Ges. 106:3,5.
" 109:3.

# DIE WONDER VAN CHRISTUS SE MENSWORDING.

14e Sondag H.K.

Luk. 1 vs. 26-38.

Potch. K 18.12.55.

Luk. 1: 35 - En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.

Ons staan vanmôre by die ondeurgrondelike wonder van Christus se menswording. Om hierdie wonder enigsins te begryp moet ons, soos Moses, opklim tot God om sy heerlikheid te aanskou. Die wonder van Christus se koms laat ons egter eerder voel om, soos Israel, ons aangesigte te verberg soos Paulus in sy 2e brief aan die Kor. sê: „Sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses vanweë die heerlikheid van sy aangesig"....

Elke Sondag bely ons hierdie wonder van Christus se koms na die aarde - maar hierdie Sondag, op die vooraand van Kersfees, wil ons soek om te verstaan wat presies ons bely wanneer ons die woorde biddend nasê: "En in Jesus Christus ... wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria".

Ons H.K. ( Sondag 14, vr. 35) antwoord hierdie vraag soos volg: "Dat die ewige Seun van God, wat waaragtige en ewige God is en bly, 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem het deur die werking van die Heilige Gees, sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees, aan sy broeders in alle opsigte gelyk uitgesonderd die sonde."

Wat ons die meeste opval in hierdie antwoord is dat hier bely word dat die Seun van God ons menslike natuur aangeneem het. Hierdie woord beheers dan ook die hele antwoord. Daardeur word duidelik te kenne gegee dat Christus se geboorte gesien moet word as 'n daad. In daardie lig wil ons dan ook vanmôre Christus se menswording sien as : I. 'n WONDERDAAD; II. 'n LIEFDESDAAD; III. 'n GENADEDAAD.

I. 'n WONDERDAAD:

As ons hier praat van die menswording van God dan bly die gedagte by baie mense steek dat God in 'n mens verander is - terwyl die Kategismus baie duidelik sê dat dit nie die geval is nie. Want God is onderanderik - hoe sou Hy ooit kon verander? Daarom sê die antwoord op vr. 35 baie duidelik: „Dat die ewige Seun van God wat waaragtige en ewige God is en bly, 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het".

Veldkamp in sy Zondagskinderen stel dit in die volgende aangrypende woorde: "God bly dus wie Hy is: GOD. Hy word wat Hy nie is nie: Mens. Vanaf die oomblik van sy geboorte in Bethlehem is die wonderverbinding en -vereniging totstand gekom: God en mens in één persoon ..,.misterie! Die Ewige bind Hom aan die tyd; die Koning van die eeue neem die gestalte van 'n dienskneg aan; die Almagtige word 'n hulpelose kind; God gehul in mensgewaad ....misterie!" Ondeurgrondelike wonder van Gos almag!

Hoedat hierdie wonder plaasgevind het verklaar die Bybel nie vir ons nie. Trouens, as die Bybel 'n verklaring moes gee, dan was dit geen wonder meer nie. En juis omdat dit so onverstaanbaar is, het duisende hulle teen hierdie wonder verset - en dit verwerp. Een argument wat bv. gebesig word is die volgende: Dis in botsing met al die feite van die wetenskap dat 'n kindjie langs dié weg gebore kan word. Hoe op aarde kan die Heilige Gees iemand bevrug?

Om hierdie skynbare teenstrydigheid met hulle godsdiens te rym, het 'n ander groep toe gekom en beweer dat Jesus eintlik 'n buite-egtelike kind was, en dat die eerste Christene sy geboorte maar toe in die lig voorgestel het om die skande van sy geboorte te bedek.

Vir ons as Christene verwerp ons al hierdie hulpelose pogings om te verklaar wat nooit verklaar kan word nie. Vir ons lê die grootheid van Christus se menswording juis daarin dat dit 'n almagswonder wan God is wat ek met my klein menslike verstand nie kan vat nie!

**11. 'n LIEFDESDAAD:**

Maar in die woord "aangeneem" lê nog baie meer opgesluit: nl. dat die geboorte van Christus 'n daad van Christus self is - 'n daad van onmeetlike liefde. Sy geboorte is nie vir Hom as 'n las, 'n harde plig van buite opgelê nie - nee, maar vrywillig en doelbewus het Hy gekies om mens te word. As Hy gewou het, kon Hy geweier het om na ons te kom - en waar was ons dan gewees?

Gewoonlik sien ons Christus se liefde in al sy grootheid deur te sien op die kruis. En dis ook reg. Maar dan moet ons nooit vergeet niedat Christus se lê in die krip van Bethlehem net so 'n groot en bewuste liefdesdaad is as sy hang aan die kruis! Op Christus se lewenspad op aarde is daar twee altare waarop Hy Homself geoffer het: BETHLEHEM en GOLGOTHA - en tussen die twee altare lê sy hele lewe van offerande en diens. Wat moes hierdie offer Christus nie gekos het nie! Paulus probeer in sy brief aan die Fillipense ( 2:6) dan ook om ons enigsins 'n floue beeld te gee van die onmeetlike liefde wat daar geskuil het in die hart van die Seun van God as hy sê: "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word". O, ons wat so trots is om te uit te basuin dat ons mens is, dat ons vol is van ons menslike voortreflikhede en eienskappe - besef ons ooit wat dit vir Christus moes gekos het om soos ons - 'n mens te word?

Hierdie liefdesdaad van Christus sien ons nog duideliker as ons ons probeer indink in die gevolge wat Christus se menswording vir Hom persoonlik meegebring het. Met sy koms na die aarde het Christus maar alte goed besef dat sy geboorte vir Hom net een ding sou beteken: LYDING. Christus het geweet dat Hy hier op aard van die mens niks anders as vyandskap, veragting en bespotting sou verduur nie - en nogtans het Hy vrywillig gekies om mens te word. Vir ons mens is die geboorte die poort tot die lewe. Vir Christus was die geboorte die poort tot die dood. Oor sy krip het Hy die skadu van die kruis sien val - en nogtans gekom!

111. 'n REDDINGSDAAD:

Ons Kategismus sluit sy antwoord af met dié woorde: "Sodat Hy aan sy broeders in alle opsigte gelyk sou wees, uitgesonderd die sonde". Daarmee wil die H.K. nog 'n keer beklemtoon die wesenlike menslikheid van Jesus - dat dit nie maar net 'n skyn was, 'n mooi verhaaltjie om ons te troos nie - maar 'n heerlike werklikheid! Dat Hy ons menslike natuur met al sy ~~xwakx~~ menslike swakhede aangeneem het. Dus: 'n natuur vatbaar vir pyn en droefheid; iemand met al sy menslike verlangens en behoeftes; iemand wat onderworpe was aan al die benoudheid en donkerheid wat ons as mense beleef; As ons die eensaamheid en die heimwee ken - Hy nog meer; as ons siel behoefte het aan vrienskap en liefde - Hy nog meer; as ons harte bewoë raak deur skoonheid of smart - Hy nog meer......

In alles gelyk.

Maar nou sê u: Maar wat beteken dit nou eintlik vir my dat ek dit alles weet? Wat help dit alles? Watter waarde het dit?

Dit: Dat (1) Jesus ten volle medelye kan hê met al ons swakhede: Hy ken die menselewe vanaf sy begin tot sy einde. Hy ken die nood van die kinderlewe; Hy ken die stryd van die jongmenslewe; Hy ken die probleme van die volwassenes; Hy verstaan die hart van die grysaard.

Daarby ken Hy al die gewaarwordinge wat die mensehart beroer: vreugde en verdriet, geluk en eensaamheid, vriendskap of verlatenheid - niks is daar waarin Hy nie ten volle kan deel nie.

Verstaan u wat dit vanmôre vir u beteken? Dat u na iemand kom wat u hart ken - u hart met al sy vrees en kommer, al sy nood en pyn, al sy donkerheid en eensaamheid? Is u eensaam vanmôre? Is u gekwel en bedruk? Het u behoefte aan liefde en vertroosting? Soek u na iemand wat verstaan en kan help? KOM DAN NA JESUS!

Gaan vlug met jou smarte,
Waar niemand dit weet;
of het nie ons harte
ook bittere leed?

Hou, wat ook jou kwelling,
rus in jou gemoed;
gaan sê dit vir Jesus,
Hy maak alles goed.

(2)
Dat: (2) Jesus die enigste is wat Regter oor ons mense kan wees: In Joh. 5 vs. 22 sê Jesus aan die skare: "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee". Dis die wonder van Gods genade - dat Hy eendag die mens onder so 'n regverdige Regter sal stel wat sal oordeel die lewende en die dode. // Jesus, die enigste wat ons mense met al ons swakhede en sonde ken, sal oordeel. O, hoe wonderlik as daardie oordeel op ons verlossing sal uitloop! Maar o, hoe verskriklik as daardie oordeel op ons veroordeling moet uitloop!

"Uitgenome die sonde"